LAERSKOOL TUINE

Uniek… Altyd vorentoe!

Trots, waardig, doelgerig – Oë op Christus gerig!

OUEROMSENDBRIEF NR. 3 van 2019

Geagte Ouers, leerders en vriende van Laerskool Tuine

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Graag wil ek u as ouers bedank wat die inligtingsaande bygewoon het vanaf Gr.R-7. Alle inligting is deurgegee en ons glo dat u meer gerus is vir die jaar wat voorlê. Ons vra dat u in noue kontak bly met ons personeel sodat ons kan hulp verleen indien nodig. Dankie vir u positiewe gesindheid en u lojaliteit. Saam met u gaan Laerskool Tuine van krag tot krag. In besondere wil ons alle Gr.1 maatjies hartlik welkom heet by Laerskool Tuine. Julle maak ons lewens vol vreugde.

Alle personeel is effektief besig met onderrig in hul klasse en ons leerders werk mooi saam. Gaan asseblief deur u kind se skrifte en kyk asseblief dat hul hul huiswerk pligsgetrou doen.

Baie sterkte met al ons leerders wat besig is met atletiek. Ons atletiekspan presteer puik!
Ons versoek ook dat u gereeld die omsendbrief deurlees. Baie inligting word in die brief deurgegee.

Kom ons as personeel/gemeenskap en leerders vat hande en ondersteun mekaar. Kom ons almal sit ’n wag voor ons mond en waak daarteen om negatiewe goed oor leerders/ouers of personeel te sê.

In **Jakobus 3:1-12** praat Jakobus oor die tong. Wanneer ons kyk na Jakobus se geskiedenis in die Bybel was hy ’n bekeerde broer van Jesus en hoof van die gemeente in Jerusalem. Hy het nie geskroom om mense aan te vat nie.

In hierdie gedeelte vat hy verskeie leraars aan wat orals begin preek het. Daar was groot kompetisie tussen die leraars-in so ’n mate dat hulle mekaar persoonlik begin aanval het. Leraars sou ook gerugte oor mekaar begin versprei om hulle eie posisie te bevorder. Daar het tot verdeeldheid tussen gemeentes ontstaan. Ook kliekvorming het ontstaan.

Kom ons as skool en gemeenskap waak daarteen. Dit kan ons mooi naam van Laerskool Tuine groot skade aandoen-in so ’n mate dat die gemeenskap ook daaronder kan lei.

In die gedeelte lees ons dat die beeld van ’n ruiter wat ’n wilde perd tem by Jacobus opkom. Aanvanklik is die perd (die liggaam van ’n persoon) wild en ongetem. Die stang in die bek (God se woord) bring die liggaam onder beheer.

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082
Posbus 48007, Hercules, 0030 * Tel (012) 379-4406 * Faks (012) 379-1949 032-011-NPO
Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com

Jakobus dink ook aan skepe wat deur sterk winde aangedryf word. Ondanks die feit dat die skepe baie groot is word hulle met 'n baie klein roertjie (die tong) gestuur net waarheen die stuurman wil.

Ongelukkig kan 'n vals persoon groot skade aanrig. Die tong is dan soos 'n klein vuurtjie wat 'n groot bos aan die brand steek. Vals woorde besmet die hele liggaam. Dit verwoes nie net individue nie, maar 'n hele gemeenskap.

Jakobus beskou 'n giftige tong erger as 'n wilde dier, nog erger, hy sê dat dit uit die hel aangesteek word. 'n Tong kan nie getem word nie. As dit verkeerd gebruik word, versprei dit soos 'n dodelike gif. 'n Gevurkte tong verwoes alles, ook 'n pragtige skool/gemeenskap soos ons.

Ons as medegelowiges moet waak daarteen. Geagte vriende die ergste is dat uit dieselfde mond van vloek en skinder kom ook lof tot God. 'n Fontein kan tog nie brakwater gee as dit 'n varswater fontein is nie. Die vyeboom na sy aard dra tog nie druiwe nie.

Kom ons as skool en gemeenskap se nuwejaarsvoorneme is om 'n God-same pad met HOM te stap in 2019.

"Liefde tot God bo alles"
"Liefde tot my medemens- Goed vir almal"
"Liefde tot myself as ek die God-same pad verkies het en uitleef"

Sterkte met die week wat voorlê.

2. PRODUKSIE 2000:

Op **14 Maart 2019** sal Produksie 2000 ons skool met 'n optrede van "Die Legkaart"/"The Puzzle" besoek, soos altyd verwelkom ons die groep met ope arms. 'n Groot legkaart word gebruik om te wys dat alhoewel die vorm van legkaart stukke verskil, die stukke (net soos leerders) wel bymekaar inpas om 'n prentjie te vorm. Die produksie sentreer rondom die skool boelie, bleeksiel ("nerd") en snob wat hulle weergawe van "Slapende Skoonheid" vir die Inter-Skole Revue Kompetisie, op die planke moet bring. Die boodskap is duidelik: Leef met en leer van mekaar. Respekteer ander se verskille en – buiten dit alles, weet wie jy is en waar jy wil inpas. Hope pret en gehoor interaksie deurgaans.
Die kaartjie prys is **R20** en moet die skool voor **13 Maart 2019** bereik.

3. FINANSIES:

GEEN KONTANT GELDE sal ongelukkig na **10:30** in ontvangs geneem kan word by die finansieskantoor nie. Kaarttransaksies kan wel plaasvind. U samewerking sal opreg waardeer word.

4. EKSTRA KLAS: ROOSTER VIR KWARTAAL 1 2019

MAANDAE AFRIKAANS/ENGELS			WOENSDAE WISKUNDE
28 Januarie	**Gr.4,5 Afrikaans**	**Gr.6,7 Engels**	***Geen klasse nie**
4 Februarie	**Gr.4,5 Engels**	**Gr.6,7 Afrikaans**	**6 Februarie**
11 Februarie	**Gr.4,5 Afrikaans**	**Gr.6,7 Engels**	**13 Februarie**
18 Februarie	**Gr.4,5 Engels**	**Gr.6,7 Afrikaans**	**20 Februarie**
25 Februarie	**Gr.4,5 Afrikaans**	**Gr.6,7 Engels**	**27 Februarie**

Klasse begin om 13:45 en sluit af om 14:30. Met hierdie klasse word basiese vaardighede ingeskerp by leerders wat probleme ondervind. Register word gehou.

5. LAATKOMERS:

As u kind laat is op Maandae dan moet hulle in die voorportaal van die saal gaan sit.
Ons as bestuur doen ’n beroep op u om te sorg dat u, u kind betyds by die skool sal aflaai.
Elke leerder wat laat kom se ouers moet by die voorportaal aanteken dat hy/sy laat is. Die skoolbestuur moet dit dan opvolg. Dit word deur die Departement vereis dat daar ’n gesprek gevoer word met die ouers. Dit neem baie tyd in beslag.

6. DRINGENDE VERVOER BENODIG:

Ons soek dringend skoolvervoer vir **Elenna Rietvelt in Graad 2V**.
Adres: Bohlmanstraat 255, Hermanstad.
Magrietha (Moeder) 078 128 3042

7. ATLETIEK:

Graag wil ons u die reëlings deurgee vir volgende week se atletiek. Daar sal Maandag, 28 Januarie en Dinsdag, 29 Januarie, gedurende die middag atletiek geoefen word. Woensdag vind die Sub-Cluster plaas waar ons atlete gaan deelneem. U sal nog ‘n brief ontvang met die inligting rakende die reëlings oor Woensdag se sub-Cluster.

8. SKAAK:

Die skaak sal Dinsdag, 29 Januarie 2019 begin.
OEFENTYE:
Dinsdae 13:40 tot 15:00 – 0/7 tot 0/9
Woensdae 13:40 tot 15:00 – 0/10 tot 0/13
Donderdae 13:40 tot 15:00 – 0/9 tot 0/13

9. WAGHOK:

Die waghok leerders kom na skool by die voorkant van die saal op die sementvierkant bymekaar tot verdere kennisgewing**.**

10. UIT DIE FAKTOTUM SE KANTOOR:

Die skool is dringend opsoek na ongeveer 5-7 44 gallon (2201) dromme wat ons wil gebruik vir herwinning. ’n Skenking sal opreg waardeer word.

Die skool benodig gereeld die dienste van persone/besighede wat kwotasies kan voorsien vir die volgende onderhoudswerk – lugverkoeling, elektriese werk, loodgieters, staalwerk ens. Ek ontmoet u graag om nommers uit te ruil of u kan my persoonlik kontak:
Christo – 063 797 3446. My kantoor is by die snoepie. Ons hoor graag van u.

11. “SNAPIT” SKOOL EN SPORT WINKEL:

U kan nou “Snapit” telefonies kontak.

TYE:

Maandae 07:00 tot 15:00	Dinsdae 10:00 tot 17:00
Woensdae 07:00 tot 15:00	Donderdae 10:00 tot 17:00
Vrydae 07:00 tot 15:00	

1ste en laaste Saterdag van die maand 08:00 tot 10:00.
Skakel die skool by (012) 379-4406/7 en ons skakel u deur.

Kontak persoon: Corné Wiechers - 082 334 0265

_____
MNR. PJ SNYMAN
HOOF